Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek

Byeengebring deur

teachme2

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2019

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 80

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING A: LEESBEGRIP

NASIENRIGLYNE

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Indien die leerder woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer (toegedruk). Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol in Afrikaans is, word die leerder NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- By oop vrae word geen punt toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Geen punt word toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Die rede/motivering verdien die punt.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die leerder gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer TWEE/DRIE feite vereis word en 'n reeks word gegee, sien SLEGS die eerste TWEE/DRIE na.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem EN/OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meervoudigekeuse-vrae.

VRAAG 1

TEKS A: EN NOU VLIEG TUMI REGTIG!
[Verwerk uit *Rapport,* 11 November 2018, sci4ubuntu, e.a.]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1	(In) Pimville/Soweto	1
1.2.1	Sy was die eerste swart vroulike helikoptervlieënier in die Suid-Afrikaanse Lugmag. (Moet SA Lugmag insluit) *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.2.2	• Vroue kan enige werk doen (wat hulle graag wil doen). • Vroue hoef nie vir mans terug te staan nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.3	(Aan Hoërskool) Bryanston	1
1.4.1	• Tumi/Sy wou 'n argitek/boumeester word. • Argitek(tuur) • Tumi/Sy wou iemand word wat geboue ontwerp/planne teken. *(Enige EEN)*	1
1.4.2	• Tumi kon nie 'n werksplek **by argitekte** kry waarheen sy kon gaan nie. • Tumi kon nie ’n plek kry waar sy haar **taak** kon voltooi nie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.5	• Dit het vir Tumi gewys/laat besluit wat sy eendag wil word. • Dit het vir Tumi gemotiveer om/gewys/laat besluit dat sy eendag 'n vlieënier wil word. • Tumi kon die wêreld van werk self/eerstehands ervaar. • Die ervaring sou vir Tumi help om te besluit of dit die werk is wat sy regtig wil doen. • Dit het Tumi se lewe verander/in ‘n ander rigting gestuur/'n nuwe wêreld vir haar oopgemaak. • Dit het vir Tumi meer oor vlieëniers geleer. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.6	• Sy het vliegtuie (vir die eerste keer) van naby gesien land. • Sy het met die vlieëniers gesels/vlieëniers persoonlik ontmoet. • Sy het agtergekom dat daar min vroulike vlieëniers is/die meeste vroue verkies om die passasiers te bedien. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	3
1.7.1	• D • Tumi kon nie dadelik ná matriek vlieglesse neem nie. • D Tumi kon nie dadelik ná matriek vlieglesse neem nie. *(Enige EEN)*	1
1.7.2	• C • Tumi kon haar eerste kursus binne 6 maande voltooi. • C Tumi kon haar eerste kursus binne 6 maande voltooi. *(Enige EEN)*	1
1.7.3	• B • Breitling het vir Tumi ondersteun. • B Breitling het vir Tumi ondersteun. *(Enige EEN)*	1
1.7.4	• A • Tumi kon as handelsvlieënier kwalifiseer. • A Tumi kon as handelsvlieënier kwalifiseer. *(Enige EEN)*	1
1.8	voltyds	1
1.9	• Tumi het in 2018 as vlieënier gekwalifiseer/haar goue vlerkies gekry. • Tumi is as "Student van die Jaar" aangewys. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1 1
1.10	• Goud verwys na sukses/beste/uitstekend. • Die vlerkies verwys na vlieg. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1 1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

1.11	• In haar vrye tyd doen Tumi dinge wat 'n mens (gewoonlik) by die huis doen. • In haar vrye tyd ... ○ kyk sy (graag) televisie. ○ lees sy (graag). ○ kook sy (graag). ○ luister sy na musiek. ○ kuier sy graag tuis saam met haar familie. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.12	Tumi/Sy wil die **kaptein** van een van **SAL** se **grootste** vliegtuie wees. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.13	• Die vlieënier is nie alleen verantwoordelik vir die veiligheid/versorging van die vliegtuig en passasiers nie. • As die vlieënier nie saam met die ander mense werk nie, kan dit die veiligheid van die vliegtuig en die passasiers in gevaar stel. • Die vlieënier moet kan saamwerk in 'n span sodat alles tydens die vlug vlot kan verloop. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.14	• Tumi kan uit eie ervaring praat. • Tumi kan haar eie lewe/sukses as voorbeeld aan ander jongmense/jongmeisies voorhou. • Tumi het baie probleme/terugslae/struikelblokke/moeilike situasies deurgemaak voordat sy uiteindelik sukses behaal het. • Tumi het nooit tou opgegooi nie. • Tumi het alles in haar vermoë gedoen om haar drome waar te maak. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.15	• C • aangehou om probleme te hanteer en suksesvol op te los. • C aangehou om probleme te hanteer en suksesvol op te los. *(Enige EEN)*	1

TEKS B: DIE GESKIEDENIS VAN FLIEKS
[Verwerk uit *Wikipedia*]

1.16	stilfilm	1
1.17	swart-witfilms	1
1.18	*Cupid Angling* was **die eerste film in kleur.**	1
1.19	(In 1927 het die eerste film verskyn waarin) die akteurs gepraat het. *(Of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
1.20	(Walt) **Disney** (Produksies)	1
1.21	datums	1

TOTAAL AFDELING A: 30

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2

Nasien van die opsomming
LET WEL: Nasien van die opsomming word gebaseer op die insluiting van die feite soos deur die vraag oor die teks voorgeskryf.

Die opsomming moet soos volg nagesien word:

- **Puntetoekenning:**
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totaal punte: 10
- **Toekenning van taalpunte as leerders NIE woordeliks aangehaal het nie:**
  - 1–3 korrekte feite: 1 punt
  - 4–5 korrekte feite: 2 punte
  - 6–7 korrekte feite: 3 punte
- **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
  - 6–7 korrekte aanhalings: geen punte word vir taal toegeken nie
  - 1–5 korrekte aanhalings: 1 punt word vir taal toegeken

LET WEL:

- Antwoorde moet in **volsinne** wees.
- Enige volgorde is aanvaarbaar.
- **Getal woorde:**
  - Nasieners moet die getal woorde verifieer.
  - Geen punte word afgetrek indien die kandidaat nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui, of dit verkeerd aandui nie.
  - Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

TEKS C: BLY KOEL IN DIE SOMER

DIREKTE AANHALING		EIE WOORDE
Dra dus **ligte katoenklere** in die somer.	1	Dra (ligte) katoenklere.
Eet eerder **iets ligs** soos slaaie en kouevleis as daardie gekookte kos.	2	Eet ligte etes (soos slaaie en kouevleis).
Dan is dit goed om 'n breërand**hoed** te dra.	3	Dra 'n (breërand)hoed as jy buite moet wees.
Jy **maak die plekke waar die hitte inkom, toe**.	4	Maak die plekke waar die hitte inkom, toe.
As daar 'n **windjie waai**, kan jy **'n nat laken voor die oop venster** hang.	5	Hang 'n nat laken/lap voor die oop venster wanneer daar 'n windjie waai.
Spring gerus op 'n warm somersdag onder 'n **lou stort** in.	6	Neem 'n lou/koel/nie warm stort.
'n Mens slaap sleg as jou **bed** warm is. Maak dus vir jou 'n **yspak** deur jou warmwatersak vol te maak en te vries.	7	(Vul jou warmwatersak met koue water en) vries dit vir 'n yspak vir jou bed. (51/59 woorde)
		TOTAAL AFDELING B: 10

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

AFDELING C: TAAL

NASIENRIGLYNE

- Spelling:
  - Eenwoord-antwoorde moet korrek gespel word waar ons woordstrukture toets.
  - By volsin-antwoorde word verkeerde spelling gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur is wat getoets word.
  - Waar afkortings getoets word, moet die leestekens korrek wees.
- Sinstrukture moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word volgens die instruksies.
- Aanvaar die letter wat met die korrekte antwoord ooreenstem OF die antwoord wat volledig geskryf word vir meerkeusevrae.

VRAAG 3

TEKS D: ADVERTENSIE
[Eie teks]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1	adverteerder	1
3.2	**Net** die beste vleis **word deur** *Die Vleispaleis* **verkoop**. *(Moenie penaliseer indien 'Die' nie met hoofletter geskryf is nie.)*	1
3.3	• Kom maak beslis 'n draai by ons. • Kom maak beslis by ons 'n draai. • Kom, jy moet beslis by ons 'n draai (kom) maak. • Kom, jy moet beslis 'n draai by ons (kom) maak. *(Enige EEN)*	1
3.4	Silwerskoon/silwerskoon/blinkskoon	1
3.5	• B • mense wat wil braai, 'n wye keuse van produkte het. • B mense wat wil braai, 'n wye keuse van produkte het. *(Enige EEN)*	1
3.6	kwaliteit	1
3.7	minder	1
3.8	persent	1
3.9	gloei**ende**	1
3.10	• Dit **manipuleer/oortuig** die leser dat hierdie slaghuis aan al die vereistes voldoen. • Dit vestig die leser se aandag op/**beklemtoon** al die positiewe dinge van hierdie slaghuis. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
		[10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 4

TEKS E: STROKIESPRENT
[Verwerk uit *Die Burger* 8 Maart 2018]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	haai	1
4.2	verbaas	1
4.3	Ek het eendag onbepland voor julle huis gestop en gehoor hoe julle oefen.	1
4.4	• vreemd • snaaks • ongewoon • anders • (baie) eienaardig • buitengewoon • abnormaal *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
4.5	(die) meeste	1
4.6	• **Niemand/Geeneen/Nie een** stop **nie**. • Almal stop **nie.** • **Nie** almal stop **nie**. *(Enige EEN)*	1
4.7	• Die dame/Mevrou/Sy/Die vrou sê/het gesê dat sy 'n pap band gehad het. • Die dame/Mevrou/Sy/Die vrou sê/het gesê sy het 'n pap band gehad. *(Enige EEN)*	1
4.8	eerste	1
4.9.1	• B • per ongeluk gehoor het hoe hulle speel. • B per ongeluk gehoor het hoe hulle speel. *(Enige EEN)*	1
4.9.2	nie na hulle wil luister nie.	1
		[10]

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

VRAAG 5

TEKS F: HERWINNING
[Verwerk uit *huisgenoot.com*]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	die	1
5.1.2	lelik/sleg/slordig/morsig/vuil *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.1.3	in	1
5.1.4	land**s**burger	1
5.1.5	jy	1
5.1.6	(Dit help) **om** die baie vullis **te** verminder	1
5.1.7	hulpbron**ne**	1
5.1.8	nuwe	1
5.1.9	(Glas**,** papier en plastiek) word nie op dieselfde manier herwin nie.	1
5.1.10	materi**aa**l	1
5.1.11	• Mense **vleg** kleurvolle handsakke en vloermatjies van plastieksakke. • Van plastieksakke **vleg** mense kleurvolle handsakke en vloermatjies. *(Enige EEN)*	1
5.1.12	Kom-buis-af-val/kom-buis-af-val/kom+buis+af+val *(Kandidate kan dit op enige aanvaarbare wyse aandui, solank die lettergrepe duidelik is.)*	1
5.1.13	• Die diere is baie **maer**. • Ons land beleef nou **maer** jare. *(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)*	1
5.1.14	kinder**tjies**	1

Soek jy 'n fantastiese tutor? www.teachme2.com/matriek

TEKS G: PRENT
[Verwerk uit google images]

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.2.1	student	1
5.2.2	• wekker • horlosie/oorlosie *(Enige EEN)*	1
5.2.3	saans	1
5.2.4	Daar is 'n boekmerk in elke boek; daarom **weet** die meisie tot waar sy laas gelees het. *(Moenie penaliseer indien die leesteken verkeerd is of ontbreek nie.)*	1
5.2.5	hard**er**	1
5.2.6	biblioteek/mediasentrum/boekstoor/boekery	1
		[20]

TOTAAL AFDELING C:	**40**
GROOTTOTAAL:	**80**

Kopiereg voorbehou